# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***3/16***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet**: http://www-voc-kaap.org **E-pos**: vocinfo@voc.org **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodecb@icloud.com . **Lidmaatskap /*Membership***: me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /*Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

**Nuwe lede.**

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lede: Mnr Johann Basson van Pretoria, me Dale Dodgson van Kaapstad, mnr Corney Keller van Zaandam, mnr André Lamprecht van Kaapstad, mev. Louise Mocke van Swellendam, mev. Alta Roux van Belville en me Madine Swart van die Strand. Mag ons toekomstige betrekkinge wedersyds gelukkig en voordelig wees.

**Stigting VOC se Silwer Medalje.**




Ons Stigting ken vierjaarliks 'n medalje van egte silwer toe vir buitengewone diens ten opsigte van die bewaring en verspreiding van kennis insake die VOC-nalatenskap. Vorige ontvangers is mnr. Robert Lightley (meester-skeepsmodelbouer), prof. Gerrit Schutte (VOC-geskiedenis), mnr. Gawie en dr Gwen Fagan (VOC-argitektuur), mnr. Marthinus van Bart (VOC-joernalistiek) en kapt. Francois Morkel (Diens aan Kasteel de Goede Hoop). Ere-lidmaatskap van die Stigting gaan met die toekenning saam.


Die uitvoerende komitee het besluit om vanjaar die medalje aan twee van ons lede, Me Marie Louise Roux en Dr Hans Fransen, albei ervare en leidende kenners en bewaarders van die VOC-erfenis, aan te bied. Hulle was onder die leiers in die lang en voortgaande stryd teen die aanbring van moderne bouwerk op die pakhuis langs die Lutherse Kerk-kompleks, wat in die agtiende eeu deur die VOC as graanskuur gehuur is.

Die oorhandiging sal geskied by geleentheid van die bekendstelling van ons Stigting se boek *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*. ’n Ruim skenking van die Van Ewijk Stigting het weereens die toekenning van die medalje moontlik gemaak.

**Kalender: Lesings en Uitstappies.**


1. Bekendstelling en bespreking van *1795.*




Op Saterdagoggend, 27 Augustus 2016 stel ons Tafelberg Uitgewers se nuwe publikasie, die pryswennende roman *1795* deur D. Sleigh, bekend. Soos die boek se titel aandui sal die bakenjaar 1795 in die Kaapse geskiedenis en die laaste van die VOC-tydperk onder die soeklig kom. Die roman het vervlegte politieke en romantiese temas, en al die bekende Kapenaars van destyds leef weer in hul eie kleurvolle dorpie, wat u op die omslag afgebeeld sien. Benewens ’n bespreking van die roman se inhoud en verloop, is daar ’n geïllustreerde debat oor wat eintlik in 1795 op politieke en militere gebied hier gebeur het – hoe het die Kapenaars hul land verloor, hoe kon die Kaap en sy hinterland ná 143 jaar onder die VOC-vlag so maklik in Engelse hande val? Onthou dat die Kaapse verdedigers al die voordeel gehad het ten opsigte van keuse van slagveld, getalle, ruitery, veldkanonne, kusbatterye, vervoer en provisionering (wapens, voedsel, water en brandhout.) Hoe is dit op aarde moontlik dat die oorsese invaller onder sulke omstandighede kon slaag? Hoe meer die geskiedenisse van die Engelse Indiese Kompanjie, die VOC en republikeinisme in Europe vergelyk word, hoe helderder skyn die lig op die oorsake van die gebeure en die intrige agter die skerms. Tydgenootlike prente en kaarte sal gebruik word om die verloop van die inval en verdeding te verduidelik.


Gevegsterrein Aug.-Sept., 1795. *Grote Atlas, V*


Wie is hierdie persoon? (W.Fehr Versm.)

Drie sprekers (P.Westra, W. van Zyl en D. Sleigh) sal aspekte van die omstandighede ondersoek. Wat was die politieke situasie ten opsigte van die republikeinse oorloë in Europa en van Europese belange in die Ooste, wie was plaaslik die verantwoordelike persone en wat het tussen 11 Junie en 16 September op militêre en politieke gebied in die Kaapse Skiereiland gebeur, wat in 'n Britse vlag oor die Kasteel geeindig het? Wat was die rol van die Republiek Swellendam se ruitery en hul kommandant Piet Delport se lot?

Onlangs het L. Panhuysen: *Robert Gordon. Ontdekkingsreisiger of Soldaat?* (vertaal deur W.van Zyl) verskyn, wat dieselfde tema uit 'n ander oogpunt ondersoek. Albei boeke sal teen 'n afslagprys aan ons lede te koop wees. Tafelberg Uitgewers bied verversings te eet en te drink aan. Teken asb. die besonderhede aan:

**Datum:** Saterdag, 27 Augustus 2016. **Tyd:** 10:30 **Plek:** Huis der Nederlanden, Pinelands. Volop parkering.

2. Om 16:30 op Donderdag, 1 September word die nuwe Militêre Geskiedenis Roete in die Kasteel bekend gestel. Daar is op die oomblik drie basispunte, naamlik die Kasteel, die Chavonnes Battery en die Simonstad Vlootmuseum. Aldrie is VOC-erfenisterreine.

3. Saterdag, 24 September 2016 (Ons Erfenisdagdag-lesing) Dr Hans Heese: Slawerny in die Stellenbosch-distrik. (Meer besonderhede later.)

4. Saterdag, 15 Oktober: Die nuwe stel VOC Dagregisters wat in die Kaapse Argief ontbreek, word op CD's bekendgestel. (Meer besonderhede volg.)

5. In September of Oktober word ons boek *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795* in die Kasteel bekendgestel en by dieselfde geleentheid word ons Stigting se Silwer Medaljes aan die twee wenners oorhandig. (Meer besonderhede volg.)

6. Kramat van Sjeg Yusuf: In Oktober of November besoek ons die Kramat van Sjeg Yusuf by Zandvliet, die voorste baken van Islam in Suid-Afrika en grootliks VOC-geskiedenis. Beperk tot 40 persone teen R150 per persoon, 'Maleise' ete ingesluit. Lid Johan Mets het aangebied om drie persone te vervoer. (Meer besonderhede later.)

7. Die uitvoerende komitee vergader weer op Vrydag, 11 November 2016.

**Dorha Dam: Sukses!**

Nog 'n opvoedkundige projek is suksesvol afgehandel. Ons Stigting se aansoek dat die naam van die Rockview Dam naby Grabouw na Dorha Dam verander word, was suksesvol. Kaptein Dorha was die laaste hoofman van die Chainouqua. Nadat hy jare lank 'n ondersteuner van die VOC was, het goewerneur Simon van der Stel sy kraal laat aanval en hom uit sy posisie gedwing. Hy is kort daarna vermoor.

***Die VOC aan die Kaap, 1652-1795.***

In September of Oktober vanjaar word ons Stigting se boek ***Die VOC aan die Kaap, 1652-1795,*** deur Protea Uitgewery gepubliseer. Redakteurs Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie het jare lank aan die moeilike en lywige manuskrip gewerk. Die Kompanjie se plaaslike optrede en bestuurstelsels word in omtrent twintig hoofstukke ondersoek en beskryf. Dit gaan oor handel, landbou, skeepsbediening, arbeid, godsdiens, vervoer, medisyne, regspraak, verdediging, inboorling-betrekkinge en so meer – alles waarmee 'n regering hom besig hou. Dit is die eerste van sy soort in plaaslike en oorsese geskiedskrywing en bevat inligting en ook illustrasies wat nog nie tevore gepubliseer is nie.

**Hoe 'n landsiekte 'n seesiekte geword het.**


Waarom woon ons, kinders van Jan Kompanjie, vandag hier? Omdat die Brouwer Roete, wat in 2017 vierhonderdjaar oud sal wees, Tafelbaai as dienspunt vasgestel het. Die oorsaak van ons teenwoordigheid was die vele behoeftes van die VOC se skeepsdiens, wat voedselvoorsiening, spesifiek groente en vrugte, insluit. Europese arbeiders moes die groente en vrugte uit die Kaapse grond haal.


Vars groente en vrugte het die skeepssiekte 'skeurbuik' genees. Die siekte was nie vreemd aan Nederlanders nie. Pieter van Foreest, professor in geneeskunde aan die pasgestigte Universiteit van Leiden het al in 1575 die simptome, oorsake en genesing van die siekte beskryf. 'Scheurbuik,' (Latyn: *scorbut,* skurfte) het aan die einde van elke winter veral in die noordelike dele van Nederland voorgekom en het gevolg op 'n lang tydperk sonder groente. Gedurende die mini-ystyd van c.1400 - c.1800 was die winters buitengewoon lank en straf. Lewende hawe moes geslag en die vleis ingesout word omdat daar geen weiding was nie; enkele jong diere is binnehuis gevoed en mense moes maande lank sonder groente klaarkom. Aan die einde van die winter het hulle simptome van die siekte vertoon. Die beendere van gestorwe walvisjagters wat in die sewentiende en agtiende eeue in die poolstreek begrawe is, wys ook duidelike tekens van skeurbuik: bloeding in die litte en beenweefsel, tande wat uitgeval het, ens.

Die VOC se uitvarende skepe het in drie verskillende vlote (Paas-, Kermis- en Kersfees-vlote) Ooste toe vertrek. Ondersoek die verslae van skeepssiektes en sterftes in VOC-argiewe, soos ons Kaapse Argief, en dit is duidelik dat die skepelinge van die Paasvloot die ergste gely en die meeste gesterf het. Hulle het Nederland aan die einde van die wintermaande verlaat met skeurbuik reeds onder lede, op 'n seereis van vyf of ses maande waarop die siekte sonder genesing toeneem en dit dikwels in die dood geeindig het. So het 'n landsiekte 'n seesiekte geword.

In die moderne geneeskunde is skeurbuik 'n gebreksiekte wat volg op 'n vitamin C-tekort in die liggaam. Die vitamin is veral volop in sitrusvrugte. [G.J.R. Maat: *Scheurbuik, de nieuwe ziekte…* In: L. Blussé en I. Ooms (reds.): *Kennis en Compagnie.* Leiden, 2002. pp.117-123.]

**Begraafplaas op die Parade.**
*Die Burger* is vanjaar 100 jaar oud en plaas soms beriggies uit vorige jare. In die uitgawe van 6 Junie 1966 is die eerste maal berig dat twee kiste met geraamtes wat blykbaar honderde jare oud is, in Kaapstad ontdek is op die plek waar die postonnel toe (in 1966) gegrawe word. ’n Geskiedkundige het gesê dat sover bekend, Van Riebeeck se ‘eerste fort’ (*sic*) in daardie omgewing gestaan het. ‘Die fort was min of meer op die terrein wat beslaan word deur die perseel waarop OK Bazaars en die Hoofposkantoor staan. Dit is onbekend waar die vroeë volksplanters hul mense in die eerste twintig jaar begrawe het,’ skryf *Die Burger* van 4 Junie 2016, bl.11.


Plan: Ft de Goede Hoop, 1655. *Grote Atlas V*


Skets: Ft de Goede Hoop. W. Telford, 1970


Was VOC-navorsing vyftig jaar gelede werklik so primitief? Jy hoef net die eerste veertien jaar se Dagregisters te lees om te sien dat die aangetekende begraafplaas die beeskraal agter die Fort was, totdat bouwerk aan die Kasteel in 1665 begin het. Daarna was dit onder die vloer van die getimmerde loots in die Kasteel se voorhof, waarin o.a. kerk gehou is. Daarna, onder die vloer van die raadsaal in die goewerneurshuis, Ons kan dus daardie geraamtes dateer. Kiste was ’n seldsaamheid en is soms aangeteken wanneer dit gebruik is. Watter soort hout? Akkerhout, net soos *jatti* (kiaat) was duursaam maar skaars en duur, en dennehout het gou vergaan. Tekens van skeurbuik in die bene, koolstofdatering, ’n koeëlgat tussen die oë, kon ons help om van die geraamtes te identifiseer, omdat die Dagregisters dikwels by ’n oorledene se naam die oorsaak van dood noem. Wat sou in 1966 van daardie rare doodkiste met bene, tydkapsules en bronne van VOC-inligting en kennis, geword het?


**Oorblyfsels van VOC bouwerke in die Ooste.**
Ons nuwe lid Johann Basson van Pretoria het interessante foto’s van ruinës van VOC forte en ander VOC bouwerke in Indonesië op die internet gevind. Klik hierop: http://www.atlasofmutualheritage.nl/en/ en staan verstom. Dié beelde herinner aan Shelley se gedig *Ozymandias.* (Uit my geheue aangehaal)

*‘I met a traveller from antique land*
*Who said: Two vast and trunkless legs of stone*
*Stand in the desert.*
*And on the pedestal these words appear:*
‘I am Ozymandias, king of kings.
Look on my works, ye Mighty, and despair.’
*Nothing beside remains. Round the decay*
*Of that colossal wreck, boundless and bare*
*The lone and level sands stretch far away.’*

Kyk oor hierna: Johann Basson se ander sleutel: http://www.vocsite.nl/

**Uit die Argief:**
Ons lid dr Francois Verster het die volgende geskryf oor die Dagboek van sy voorvader Jacobus Verster, sersant van die VOC en stamvader van die Versters in Suid-Afrika:
*‘Die joernale en aantekeninge van Jacobus Verster.*





Monster Roll van alle
De militairen manschap,
Die twee maanden gagie op de hand
hebben ontfangen en bescheyden zy
Schip Buyten Zorg,
Jacobus Verster v. s'Hertogenbosch Sergeant
Johannes Gogel v. Frankfort Corporaal
Steven Weulke v. Bukken
Adam Henderik Petri v. Amsterdam Tamboer
Soldaaten
Pieter van der Beek v. Leyden
Jan Van Dyk v. Amsterdam
Casper Weuleke v. Bukken
Anthony Mineur v. [illegible] Na het hosp.
Jan Koolhaas v. [illegible] Na het hosp.

Kompasroos en voorbeeld van handskrif uit sersant Verster se manuskrip.

’n Interessante en histories belangrike argiefstuk wat in die Kaapstadse Argiefbewaarplek bewaar word, word op die kartonhouer as A2512 geïdentifiseer. Dié argiefstuk is die saamgebundelde joernale en aantekeninge van Jacobus Verster, gebore 21 Desember 1732, in ’s Hertogenbosch, Nederland. Sy ouers was George Marcus Verster en Cornelia van der Stelt. Saam met dié dik bundel in die argiefdoos is ’n ongedateerde keurverslag van die bundel se inhoud, deur dr. Anna Boësken, gewese staatsargivaris. Sy het dit as ’n unieke dokument bestempel: “Hierdie dokument is vir historiese navorsers so waardevol dat ek die eienaar sterk sou aanraai om dit in bruikleen of as aanwins aan die Argief te skenk.” Haar voorstel is aanvaar, en dit is waarom A2512 sedertdien in die Aanwinste-brandkamer bewaar word.

Wat die inhoud betref, is die volgende van belang: Jacobus Verster het vyf reise na Batavia (1753-1760) gemaak. Hy het in die proses briewe en private handelsgoed heen en weer gekarwei (hy lys die items en name van betrokke persone) en beskryf gebeure op see – insluitend huwelike, sterftes en poetse wat gebak is, plekke wat hulle besoek het en so meer. Boëseken noem ook die belang van die lys van 104 oosterse faktorye (kantore) van die Kompanjie wat Jacobus opgestel het.

Die twintigjarige Jacobus beskryf sy eerste reis wat begin op 29 September 1753, vanaf Texel, op die skip *Buyten Zorg*, in veel meer besonderhede as die ander reise. In Tafelbaai word sersant Verster weens siekte (waarskynlik skeurbuik) deur sy manskappe op ’n drastoel na die land vervoer, waar die vrou en dogters van sy neef, die fiskaal P. van Reede tot Oudtshooren (sy spelwyse) hom versorg. Verder aan in die bundel word die Van Reede familie weer genoem – naamlik ’n gedeelte van hulle geslagsregister. ’n Relatief groot deel van die korrespondensie in die bundel vervat is briewe wat Jacobus aan sy ‘*Hoog Geboren*’ neef (eintlik kleinneef) geskryf het.

Soos normaal was destyds pas hy nie vaste spelreëls toe nie, wat irriterend is vir die moderne leser, maar tog is dit heel maklik om die teks te verstaan, selfs nou, meer as 250 jaar later.

Jacobus Verster lê op 15 April 1781 die eed af as burger van “Cabo de Goede Hoop”, ook namens sy seun P.G.M. Verster. In 1773, dieselfde jaar as wat sy neef Pieter baron van

Reede van Oudshoorn goewerneur sou word (maar gesterf het voordat hy hier sy amp kon waarneem) koop Jacobus die reeds gevestigde plaas *Het Oude Westhoff, '*gelegen aan de Tijgerbergen.' 'n Aantal bladsye wat hierop gevolg het is uitgeskeur - moontlik verwysings na erflatings.

Nadat Jacobus sy laaste seereis in 1760 onderneem het, het hy hom in die Kaap gevestig en trou met Helena Cecilia du Toit in 1761. Ná haar dood trou hy in 1768 met Magdalena Judith Theron. Volgens sy boedelinventaris (MOOC 7/1/29 nr. 66) het hy 'n vermoeënde man gesterf, wat o.m. 51 beeste, 24 perde, 270 bokke en skape, asook 18 slawe besit het. Magdalena het ná Jacobus se dood weer getrou en die plaas verkoop.

In sy geskrifte het die normaalweg pligsgetroue en noukeurige Jacobus ongelukkig min oor Kaapstad en sy mense geskryf, maar wel genoem dat dit vir hom opvallend was dat daar op daardie tydstip '... omtrent een blanke teegen 20 swartes ...' was en dat Constantia se wyn 'root en soet als suijker' was. Die pryse van vee en ander handelsaktiwiteite word ook vermeld. Hy het in die Kompanjiestuin gewandel as die suidoostewind dit toegelaat het.

Sy vernaamste opmerking was, in sy eerste joernaal op 23 Januarie 1753, toe hy die eerste maal in die Kaap aanland: 'Aan gaande de vertooning van de Caab souw men seggen dat het maar een klijn dorptje is terwijl de huijsen in 't generaal maar een verdiepieng hebben en met riet zijn bedekte en geen wallen of fortifcatjes hebben. Teegen de W. Kant heeft een klijn casteel en eenige klijne buijte posten daar weijnig volk op is en eenige stukken cannon tot bescherming van de ree.' Hy sê ook dat die suidoostewind die Kompanjie se bome "laag hou."

In 'n artikel in *Kronos*, vol. 6 van 1983 skryf J. Joubert ("Skeepsjoernaal – Jacobus Verster") dat die skeepsjoernale 'n aanduiding gee van die kapasiteit en dravermoë van skepe en die goedere wat vervoer is, bo en behalwe die bykans 300 persone wat ook geakkomodeer moes word. Die bagasie waarop elke amptenaar geregtig was, word ook omskryf. Die kaptein kon twee kiste 'lang vyf voeten, hoog en wijd twee voeten' saamneem, terwyl gewone soldate net 'n kis van 21 duim lank en 16 duim hoog én breed geregtig was. Joubert was van mening dat hoewel daar min werklike interessanthede in hierdie bundel voorkom, 'kan [dit] sekerlik ook as 'n belangrike bron van inligting vir verskeie navorsers dien.' Met verskeie navorsers bedoel hy waarskynlik dat verskillende navorsers op verskillende onderwerpe fokus, soos taalkundiges, historici en erfenisaktiviste. Bowenal gee dit 'n duidelike beeld van die lewe aan boord van 'n agtiende eeuse skip van die VOC.

Ten slotte kan genoem word dat die toestand van die bundel heel goed is en die teks is maklik leesbaar. Voor in is 'n kompasroos, moontlik deur Jacobus oorgeteken. Saam met die bundel is ook 'n volledige getikte transkripsie van die inhoud. In Joubert se artikel word vermeld dat 'n nasaat van Jacobus, ene Kerneels Verster (6de geslag) toestemming gegee het dat die Instutuut vir Historiese Navorsing van die U.W.K. die bundel mag publiseer. Geen aanduiding dat dit wel gedoen is, kon egter gevind word nie.

**Bronnelys:**

Boëseken, A.J.: ongepubliseerde keurverslag van Aanwins A2512 (Joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster), Kaapse Argiefbewaarplek.

Boedelinventaris van Jacobus Verster, MOOC 7/1/29 nr. 66.

Bosman, P.: ongepubliseerde transkripsie van Joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster.

Du Plessis, N.M. (red.): *Die Tygerberg – die verhaal van die Tygerbergheuwels en die stedelike gebiede Parow, Bellville en Durbanville,* Tafelberg-Uitgewers, 1998.

Joubert, J: "Skeepsjoernaal – Jacobus Verster," *Kronos*, vol. 6, 1983.

Ongetitelde transkripsie van Aanwins A2512 (Joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster), Kaapse Argiefbewaarplek, ongedateerd.

Verster, F.P. "In die Argief gevind," *Bolander*, 27/4/2016: 3.

Verster, F.P. "Kyk hoe herhaal die geskiedenis homself," *Bolander*, 4/5/2016: 5.

Verster, J.: Oorspronklike joernaal en aantekeninge, ongepubliseerde Aanwins A2512, Kaapstad Argiefbewaarplek.

**Huis der Nederlanden.**
Ons het die goeie nuus gekry dat Huis der Nederlanden, 'n kultuursentrum van die grootste belang vir ons Stigting en vele ander wat soos ons van sy kosbare dienste en fasiliteite gebruik maak, voorlopig gered is. Ons Stigting se naam was op elke petisie teen die sluiting daarvan.

**Besoek aan die Parlementêre biblioteek.**
Dit was 'n aangename en baie interessante uitstappie. Net om die Victoriaanse argitektuur te geniet was al 'n plesier: gekleurde vloerteëls, skuiframe, die deurknoppe, slotplate en handvatsels van geelkoper, 'n biblioteek met kiaathout lessenaars en wenteltrappe van gietyster. Ons gids, me. Lila Komnick (administrateur van die biblioteek) het moeite gedoen om van die raarste sketse, kaarte en boeke uit die VOC en Bataafse tye uit hul bewaarplek te haal en vir ons besoek ten toon te stel. Daar is byvoorbeeld die gedrukte Dagboeke van die Kasteel Batavia uit die sewentiende eeu, en afbeeldings van al die VOC se goewerneurs-generaal dwarsdeur sy bestaan van amper twee eeue. Veel daarvan is deur die bibliofiel en filantroop Sidney Mendelssohn (1860-1917) oorsee gekoop en aan die biblioteek geskenk, vir die publiek se gebruik.

Daarna is ons na die parlement se museum en ook in die museum se pakkamer. Hier staan onder andere skilderye van al die Kaap (en later die land) se konings en koninginne, ons kabinette en eerste ministers. Die skildery van koning George VI, die koningin en prinsesse saam met die hele parlement in 1947, staan daar. Dit is sulke rariteite wat deur die I.S. opgeblaas word en deur vandale by die Universiteit van Kaapstad verbrand is. Daar is ook versierde meubels en gebruiksvoorwerpe uit die negentiende eeu. Voorsitter Leon het me. Komnick bedank en die gebruiklike geskenk oorhandig. Foto's: Jean Sleigh.




VOC-groep by me. L.Komnick, regs voor.)



Biblioteektrap



VOC-Africana.



Prof. W. Verwoerd by portret van sy vader

**Grote Atlas deel V.**

Die *Grote Atlas van die VOC (deel V) Afrika*, wat vyf of ses jaar gelede deur ons Kaapse Argief aangekoop is, het myns insiens die Argief se kapasiteit t.o.v. V.O.C.-kaarte grootliks verhoog - miskien met soveel as 500 % - omdat dit soveel inligting oor die Kaap, sy ommeland en eilande in die VOC-tyd bevat wat plaaslik nêrens aangeteken is nie. Die Atlas bevat die vroegste bewyse van Europese kultuur in die land. Die besluit om die *Atlas deel V* aan te skaf is tot ons Argief se krediet en die blydskap van navorsers oor die Kaap se verlede. *Deel V* kom selde in die mark en sy prys het in die sewe jaar van sy bestaan viervoudig opgeskiet. Dit lyk of die Grote Atlas se prys vinniger as dié van Krugerrande styg. Verlede maand is ’n eksemplaar hier vir R8000 kontant verkoop.

**Wat was díe klippe eintlik, in die Kaapse voorgeskiedenis?**

Die VOC het vele natuurkundige ondersoeke geborg, onder andere Van Reede tot Drakenstein se *Hortus Malabaricus*, G.E. Rumphius se *Amboinsche Rariteitkamer*, en hier te lande Heinrich Claudius se tekeninge op reis met Van der Stel na die land van die Namaqua in 1685, vaandrig Beutler se reis na die Keiskamma in 1752 en Gordon se skiet-en-skets togte in die binneland laat in die agtiende eeu, wat vele mooi Gordon/Schumacher-landskappe opgelewer het. Ander natuurkundiges soos Thunberg en Sparrman wat ook die Kaapse plante, diere en mense (in besonder Koina en Sonqua) aangeteken het, was nie in die Kompanjie se diens nie.

Ek het nie gelees dat die Kaapse inboorlinge vuurstene gebruik het nie. Daar is wel beskryf dat die Koina en Sonqua vuur gemaak het deur die punt van ’n harde hout in ’n sagte hout te boor, sodat die spoed en wrywing hitte veroorsaak, wat ’n vlam laat onstaan. Die harde hout is met ’n afwaartse beweging tussen die handpalms gedraai. Ek het gewonder of hulle nie deurboorde klippe in die proses aangewend het nie.




Foto: Jean Sleigh



Foto: Johan Baard

Deurboorde stene, soos op die foto, is al vrugbaarheidsimbole genoem, en ook graafstokke waarmee eetbare bolle en wortels uitgegraaf is. Die S.A. Argeologiese Vereniging het byvoorbeeld ’n afbeelding daarvan op hul nuusbrief, *The Digging Stick*. Sulke klippe kom vandag algemeen voor - mnr. Louw van *Sondagsfontein* (waar die seinkanon staan) het verskeie in sy versameling wat deur hom en sy voorvaders uitgeploeg is. Die deurboorde klippe was waarskynlik ’n waardevolle stuk gereedskap in elke pre-koloniale gesin. Dit is met moeite gemaak, soms van digte graniet maar soms ook van sagter steen. Hulle verskil in grote, jy kry kleintjies van ’n okkerneut se grote tot die vorm en grote van twee sopborde wat opmekaar gesit is. Almal is deurboor. Waarom?

Ek weet nie of iemand al daaraan gedink het dat die klip gewig én spoed aan die draaistok kon gee in die vuurdraai-proses nie. Die klip dien as ’n vliegwiel, wat spoed en momentum opbou en sy gewig druk die harde en sagte houte vaster teen mekaar vir meer wrywing. Dit is basiese fisika; pre-koloniale Australiërs het die lanseerstok (‘*woomera*’) en terugkerende gooistok (‘*boemerang*’) uitgedink. Ek sou graag die uitslag sien as kundige mense bostaande teorie toets. Weet enige van ons lede of soortgelyke stene elders in die wêreld aangetref word?

**Projekte: VOC-inligtingsborde, Geelbeksfontein.**

Te danke aan die ere-veldwagters van die Weskus Nasionale Park kan die inligtingsborde waaraan ons meegewerk het, nou op die internet gelees word. Soek: www.sanparks.org.za en klik daarop. Kies ‘Parks’ links bo. Soek ‘West Coast National Park.’ Klik op ‘Heritage’ Lees die kort beskrywing hoe om toegang te kry. Die VOC plakkate kan ook in A4-formaat gedruk en afgelaai word. Dit is ’n groot stap vir VOC-opvoeding: die publiek, veral skoliere hoef nie meer Geelbeksfontein toe te reis om die inligting te lees nie.

**Publikasie van VOC-*Daghregisters* op CD voltooi.**

Die *Daghregisters,* handgeskrewe joernale waarin van dag tot dag belangrike sake aangeteken is wat van 1652 tot 1795 aan die Kaap gebeur het, is ongetwyfeld van die heel belangrikste bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek. In die Kaapse versameling ontbreek ’n aantal van hierdie Daghregisters, wat gelukkig wel in die Nasionale Argief, Nederland bewaar gebly het. Die Tracing History Trust (THT) het daardie rekords in 2010 in Den Haag gefotografeer, met die bedoeling om hulle mettertyd te transkribeer en op CD’s te publiseer.

Met die onlangse verskyning van die derde CD, wat die jare 1704, 1706 en 1709 se Daghregisters bevat, is hierdie projek nou voltooi. Deel 1 (1687 en 1693) en Deel 2 (1695, 1699 en 1700) is reeds vroeër beskikbaar gestel. Elke CD bevat ’n uitvoerige inleiding met belangrike brokkies geskiedenis wat in die betrokke periode plaasgevind het. Deel 3 dek dele van Willem Adriaan van der Stel en Louis van Assenburgh se goewerneurskappe.

Inligting in die *Daghregisters* en *Resolusies van die Politieke Raad* (reeds volledig op CD) vul mekaar aan. ’n Wye verskeidenheid onderwerpe word gedek, wat volgens trefwoorde op die CD’s gesoek kan word. Die THT hoop om mettertyd al die *Daghregisters*

volledig op CD beskikbaar te stel. Dis ’n enorme projek, wat die steun van almal wat in die Kaapse geskiedenis gedurende die Nederlandse bewind belangstel, verdien. Later vanjaar sal ons die CD’s by Huis der Nederlanden bekendstel. - P.E. Westra.

**Die Kaapse Erfenis Beskermings Vereniging .**
Ons wil bewaring demokratiseer. Volgende keer nuus oor die aard, doel en funksies van hierdie bewaringsliggaam wat nou op die been gebring word.

*Behouwde vaert / Slamat jalan!*

D. Sleigh / Redakteur
Jean Sleigh / Tegnies en Verspreiding.

15 Augustus 2016